

Ek het in 1992 matrikuleer en by US in 1993 vir 'n BSc met Sielkunde as hoofvak geregistreer. Ek het my studies vanaf 1995 deelyds deur UNISA voortgesit, terwyl ek as administratiewe klerk by Virgin Active in Paarl gewerk het. Ek het my BSc graad in Mei 2002 verwerf en die volgende jaar my studies in Sielkunde (HSc) deur UNISA voortgesit. Terwyl ek besig was met my HSc in Sielkunde, het ek by US (Afdeling Geneeskundige Fisiologie) as 'n deelydse navorsings-assistant begin werk. Ek het aan 'n projek gewerk wat die kardiobeskerende effekte van Levosimendan ('n positiewe inotroop) ondersoek het. Hierdie projek het tot 'n publikasie in Mei 2008 (British Journal of Pharmacology) en my MSc graad in Desember 2008 gelei. Ek het ook my HSc graad in Sielkunde deur UNISA in Mei dieselfde jaar ontvang. Ek het die daaropvolgende jaar in 2009 vir 'n PhD gerigistreer in 'n baie belowende projek met die titel: "Exposure of Cardiac Microvascular Endothelial cells to harmful stimuli: A Study of the Cellular Responses and Mechanisms". Hierdie projek is waarmee ek tans besig is. My projekteier is Prof Hans Strijdom, wat sy PhD in 2006 voltooi het met die titel: "Hypoxia and the Heart: the role of nitric oxide in cardiac myocyte and endothelial cells". Hy het reeds gevorderde navorsing gedoen op stikstofoksied en besluit om dit verder te bestudeer in die mikrovaskulêre endoteel. Ons navorsingsgroep bestaan huidiglik uit drie PhD studente, twee MSc studente en twee Honeurs-studente. Gesamentlik ondersoek ons die sellulêre reaksies en meganismes van die kardiovaskulêre endoteel in respons op sirkulerende, skadelike stimuli. Ons onderneem ook om verder die rol van stikstofoksied in hierdie verband te ondersoek, deur van verskeie tegnieke tot ons beskikking gebruik te maak. Tot dusver het ek die werk by nasionale kongresse (PSSA – beste plakkaat 2011, SA Heart – beste plakkaat 2009, asook AJD by US), sowel as internasionale kongresse (ISHR, Kyoto, Japan 2010) aangebied. Ek is ook betrokke by die opleiding van nagraadse studente in tegnieke soos Western blot analise en ander algemene laboratoriumtegnieke. Ek was ook tot dusver die mede-leier van twee Honeurs-projekte.